



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN  
NOVEMBER 2020

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 2½ uur

100 punte

---

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

---

## AFDELING A            LETTERKUNDE

### ASEM – Jan Vermeulen

#### Algemene riglyne:

- *Name mag verkeerd gespel word, maar moet nog steeds as die naam gelees kan word. Wanneer daar egter spesifiek vir 'n naam van 'n belangrike karakter vir een punt gevra word, moet die kandidaat dit korrek spel.*
- *Engelse woorde mag aanvaar word indien dit so in die boek gebruik word.*
- *Woorde wat verkeerd gespel word en 'n nuwe foutiewe betekenis skep, word as 'n verkeerde feit gepenaliseer.*
- *Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.*
- *Indien die eerste deel van 'n vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is.*
- *Indien die eerste deel van die antwoord nie die vraag beantwoord nie, maar die tweede deel van die antwoord die vraag beantwoord, kry die kandidaat wel die punt. (Gebruik eie oordeel indien dit voorkom asof kandidaat die vraag misverstaan het en 'n skoot in die donker gewaag het met talle moontlike antwoorde.)*

## VRAAG 1

- 1.1 1.1.1 Gold Miners Delight. ✓ (1)
- 1.1.2 'n Man het aan Lizette (se sitvlak) gevat. ✓  
'n Man het gevra wie se ID hy gebruik om verby die bouncers te kom/het gesê dat Barries te jonk is om daar te wees. ✓ (2)
- 1.2 1.2.1 Barries was onbeskof./  
Barries het Butcher sonder respek behandel./  
Barries het Butcher uitgetart./  
Barries was arrogant./  
Barries het slegte goed geïnsinueer/gesê oor Butcher se kinders./  
Barries het geïnsinueer dat Butcher nie weet wat met sy kinders aangaan nie./  
Barries het Butcher beledig./  
Barries het gesê Butcher se dwelms is gemors/van slegte kwaliteit./  
Barries het Butcher 'n gomtor genoem. ✓  
*(een feit)* (1)
- 1.2.2 • Butcher het 'n (hael)geweer in sy winkel gehad./  
• Barries het Butcher beledig/kwaad gemaak. ✓  
*(een feit)* (1)
- 1.3 1.3.1 Theo. ✓ (1)
- 1.3.2 Hy het hulle geforseer/aangemoedig om nog dwelms te koop./  
Hy het veroorsaak dat Butcher slegte/giftige dwelms aan hulle verkoop het./  
Theo het gesê dat die goed gevaarlik skop en hy moes bestuur./  
Hy wou nie luister toe Theo gesê het dat hy nie die motor op die pad kon hou nie./  
Hy wou nie luister toe hulle (ná die eerste klub) wou huis toe gaan nie. ✓  
*(een feit)* (1)
- 1.3.3 Verkeersman/verkeerspolisieman/verkeerskonstabel. ✓ (1)
- 1.3.4 Hy het homself vergiftig met te veel dwelms./Hy het slegte/giftige dwelms gebruik. ✓ (1)
- 1.4 1.4.1 Die verkeersman se vrou/Suster Kapoor. ✓ (1)
- 1.4.2 Die verkeersman is dood. ✓  
Die verkeersman se vrou is swanger. ✓ (2)

- 1.5 1.5.1 ... sy pa hom geslaan het./  
... sy pa baie gedrink het./  
... sy pa hulle verlaat het./  
... sy ma hom na sy pa toe stuur./  
... hy vir die polisie inligting moes gee./  
... Lizette se ma/mev. Kleyn gesê het hy is 'n woonstelrot./  
... hy nie vir Lizette mag sien nie./  
... hy nie goed genoeg vir Lizette was nie./  
... hy nie meer vir Floris en Theo mag sien nie./  
... hulle pa gesê het dat hy 'n slechte invloed op hulle het./  
... Lizette nie meer kontak met hom wil hê nie./  
... Lizette hom gelos het vir Theo./  
... sy pa nie vir hom die waarheid wil vertel nie./  
... sy pa nie vir hom 'n selfoon wil gee nie./  
... hy nie dwelms mag gebruik nie./  
... Stef vir Olga mishandel./  
... sy pa nie vir Jona wil help nie./sy pa Jona wil skiet./  
... hy uitgevind het dat Paul nie sy biologiese pa is nie./  
... Butcher sy ma seergemaak/aangeval het./  
... Jona moes teruggaan. ✓  
(een feit)

... een feit

(1)

- 1.5.2 ... vinnig gery./  
... na baie plekke toe gegaan./  
... baie dwelms (in 'n kort tydjie) gebruik./  
... wild partytjie gehou./  
... vinnig/roekeloos gery terwyl hulle dwelms gebruik het. ✓  
*(een feit)*

... vinding  
(een feit)

(1)

- 1.5.3 ... versoekings./  
... dwelms./  
... slegte vriende./  
... verkeerde invloede./  
... dwelmhandelaars./  
... minder beheer oor kinders./afwesige ouers wat werk.  
*(of soortgelyke toepaslike antwoord).* ✓  
(soek fuit)

(of soort)

(1)

(1)  
[15]

## VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Paul se pa het sy ma geslaan/hom mishandel/geslaan .../  
Paul se pa het baie gedrink ...✓  
(een feit)

... en daarom het Paul by Stef se gesin gaan bly. ✓

(2)

- 2.1.2 Barries was by Olga./  
Stef dink daar is iets tussen Barries en Olga./  
Barries was onder Stef se bed./  
Barries was in Stef se kamer./  
Barries was in Stef se huis./  
Stef wou Paul teen Barries beskerm./  
Stef was jaloers op Barries./  
Stef was bang Barries kom tussen hom en Paul. ✓  
(een feit)

(1)

- 2.2 Barries wil van Olga vergeet./  
Olga is nie belangrik in sy lewe nie./  
Olga het geen betekenis in sy lewe nie./  
Simbolies van 'n nuwe begin /breek met verlede/vorige gebeure. ✓  
(een feit)

(1)

- 2.3 Na Barries se vyfde verjaardag het ...

- Barries se ma vir Paul vertel dat Barries se biologiese pa iemand by haar werk was ✓ wat haar verkrag het. ✓ (2)
- Sy ma het nie vroeër vir Paul vertel nie omdat sy bang was./  
Sy ma het nie vroeër vir Paul vertel nie omdat sy skaam was./  
Sy ma het nie vroeër vir Paul vertel nie omdat Paul steriel/onvrugbaar was/ nie kinders kon hê nie. ✓  
(een feit) (1)
- Paul het 'n (privaat)speurder/die polisie gehuur om die man te vind. ✓ (1)
- Paul het hom in die kroeg geslaan omdat hy goed oor Barries se ma gesê het./  
Die man was verwaand/arrogant. ✓  
(een feit) (1)
- Hy is aan breinbloeding/harde hou(e) teen sy kop dood./  
Hy het nie dadelik behandeling vir sy beserings gekry nie. ✓  
(een feit) (1)
- Paul het (vier jaar/ses jaar) tronkstraf gekry./  
Paul het Barries se pa doodgemaak./  
Paul was skaam oor wat hy gedoen het./  
Paul het gevoel dat die verhouding tussen hom en sy vrou/kind/gesin verbrokkeld het. ✓✓  
(twee feite) (2)

- 2.4    2.4.1 Paul is 'n alkoholis/drink baie. ✓ (1)

2.4.2 ... is 'n (langafstand)atleet./  
... is 'n (eerstespan)krieketspeler./  
... is 'n skaakspeler. ✓  
*(een feit)* (1)

2.4.3 Paul is 'n beeldhouer/maak beelde./  
Paul skilder/teken/verf prente.  
*(een feit)* (1)

VRAAG 3

- 3.1 Stef se Beach Buggy het gebreek. ✓  
Hulle het die tasse in die veld gelos. ✓  
**OF**  
Die tasse was swaar. ✓  
Hulle het die tasse in die veld gelos. ✓ (2)

3.2 Olga het Paul se geld gesteel. ✓ (1)

3.3 Barries. ✓  
  
Fillie is soos 'n broer vir Barries./  
Dis Kersfees./  
Hulle het nêrens om heen te gaan nie./  
Paul kan nie in die kerk sit as hy so iets doen nie./  
Die een kind is nog 'n baba. ✓  
(een feit) (2)

3.4 Ek het die pylgeweer geskiet/se sneller getrek/se pyl in die lug geskiet./  
Ek het die geweer (opgetel en) op die huis se dak gegooi./ ✓ (1)

3.5 Haar handsak/selfoon. ✓ (1)

3.6 'n Mes. ✓  
Sy is spasties/verlam/in 'n rystoel/kan nie praat nie. ✓ (2)

3.7 Butcher. ✓  
Butcher het gedink dat dit Barries was wat vir die polisie gesê het waar hy sy dwelms verkoop. ✓ (2)

3.8 Olga het 'n foon by Butcher gekoop ✓ en Barries herken sy ma se foon. ✓ (2)

3.9 Sy bly op Seeplaas./Paul se plaas./Die plaas. ✓ (1)

3.10 Barries se gesin is weer bymekaar. ✓ (1)

## VRAAG 4

### Paragraaf 1

- Hy het selfoonontvangs gesoek. ✓ (1)
- – Hy het te veel pille gedrink./  
– Hy het sy kop teen dierots gestamp./  
– Hy was nog onfiks van die dwelms./  
– Hy ken nie die see nie./  
– Hy ly nog aan ontrekkingssymptome.  
– Die see was sterk/roef./Daar was groot golwe./  
– Dit is moeilik om in die see te swem. ✓✓  
*(twee feite)* (2)
- Hy probeer sy bes om terug land toe te swem./  
– Hy bid./Hy roep vir God./  
– Hy skree vir Paul om hom te help./  
– Hy skop wild. ✓  
*(een feit)* (1)
- Jona het geblaf/geraas gemaak. ✓ (1)

### Paragraaf 2

- – Jona het inwendig/binne seer gekry./  
– Jona is besig om stadig dood te gaan./  
– Miskien is daar 'n rib deur sy long./  
– Jona ly./  
– Daar is bloed aan sy mond. ✓  
*(een feit)* (1)
- – Hy het sy goed(horlosie/sonbril/Oakleys/Surround Sound System/DVD-speler/klankversterker/PlayStation/PlayStation-speletjies) verkoop./  
– Hy het sy goed na die pandjeswinkel/Wolfie's/Pawnshop toe geneem. ✓  
*(een feit)*
- Hy het sy geld getrek. ✓ (2)
- – Hy wou sy Gibson-kitaar verkoop. ✓  
– Paul het die geld wat Barries geskuld het, betaal. ✓ (2)
- – Barries is kwaad omdat Jona begin bloei het./  
– Barries is kwaad omdat Paul weer gedrink het/dronk is/nie wakker word nie./  
– Barries probeer Paul wakker maak/wil hê Paul moet hom help. ✓✓  
*(twee feite)* (2)
- – Bloed stol nie./  
– Hy bloei maklik./  
– Hy bloei baie. ✓  
*(een feit)* (1)

- Hy leer:
    - ... om om te gee vir iets./
    - ... om lief te wees vir iets./
    - ... om iets te versorg./
    - ... om onselfsugtig te wees./
    - ... om opofferings te maak./
    - ... om nie net aan homself te dink nie./
    - ... dat die lewe kort/broos/waardevol is. ✓  
(een feit)
- (1)

### Paragraaf 3

- – Jona het van die (seil)boot afgeval.
    - Iemand het vir Jona en Barries op die strand gesien./
    - Dokter Hakinin/Gretha/die veearts het vir hulle vertel waar Jona is. ✓  
(een feit)
- (2)
- – Hy was 'n gidshond./
  - Hy het Eunice gelei/begelei./
  - Hy moes Eunice help omdat sy blind was. ✓  
(een feit)
- (1)
- Jona het Barries se teddie/Bollie saamgevat. ✓
- (1)
- Paul het die teddie saamgeneem (toe hy hulle verlaat het), want hy wou Barries onthou/wou altyd vir Barries by hom hê/wou 'n deel van Barries by hom hê. ✓
- (1)
- Barries en Eunice is in 'n verhouding./Eunice is Barries se meisie./Barries en Eunice is verlief op mekaar. ✓
- (1)

Feite: 20

Taal en struktuur: 5

(5)

### D6 RUBRIEK: LITERËRE OPSTEL – VRAESTEL II, AFDELING A

<b>INHOUD (20)</b>	<i>Die inhoud van die literäre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne van die betrokke vraestel.</i>
<b>TAAL EN STRUKTUUR (5)</b>	Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
<b>5 punte</b>	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding en slot. Argumente goed gestructureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is puik aangewend. Geringe mate van taalfoute.
<b>4 punte</b>	Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding of slot. Die inleiding of slot ontbreek. Argumente goed gestructureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend. Geringe mate van taalfoute.
<b>3 punte</b>	Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding of slot is gepas. Taal, toon en styl redelik korrek.
<b>2 punte</b>	Geen inleiding of slot nie. Vloei van opstel word belemmer deur oormaat taalfoute.
<b>1–0 punt</b>	Geen samehang nie. Swak taalgebruik. Oormatige gebruik van Engels. Dele onverstaanbaar.

[25]

**70 punte**

**AFDELING B                    TRANSAKSIONELE SKRYFWERK****RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK**

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Toespraak

Inhoud, beplanning en formaat	G	6	(uit 12)
Taal, styl en redigering	G	4	(uit 18)
		<b>10</b>	<b>(uit 20)</b>

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

Skryf die punte soos volg neer:	Inhoud : G	6
	Taal : G	4
		<b>10</b>

Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die totaal uit 10 te laat tel.
5. Die volgende simbole moet tydens die assessoring van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
//	Dubbelstrepie aan die begin van sin wat nuwe paragraaf aandui	Nuwe paragraaf
<u>interresant</u>	Strepie onder die woord	Spelfout
x	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
( )	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tye verwarrend/foutief gebruik
?/! (in die kantlyn)	Groot vraagteken/kronkelstreep	Onduidelik/onverstaanbaar
<u>enough</u>	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma

## VRAAG 5                  E-POS

### Formaat:

- Volgens voorbeeld.
- Paragraafindeling volgens instruksies.

### Taal en styl:

- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.
- E-pos.

### Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Is kandidaat se idees interessant en oorspronklik?
- Word al vier aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?

[20]

## VRAAG 6                  ADVERTENSIE

### Formaat:

- Volgens voorbeeld.

### Taal en styl:

- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.

### Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Word al vier aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?

[10]

**D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B****VRAAG 5 = 20; VRAAG 6 = 20 ÷ 2**

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTËR	ONVOLDOENDE
<b>INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT</b>	<b>12–10</b>	<b>9½–8</b>	<b>7½–6</b>	<b>5½–4</b>	<b>3½–0</b>
1. <b>Respons</b> op onderwerp. 2. <b>Idees</b> in teks. 3. <b>Organisering</b> van idees vir die beplanning, doel en gehoor. 4. <b>Kenmerke/konvensies (reëls)</b> en <b>konteks</b> van die teks.  (12)	1. <b>RESPONS:</b> Uitsonderlik. Bo verwagting. Grondige kennis van kenmerke van die soort teks. Skryfstuk behou fokus. 2. <b>IDEES:</b> Intelligent, volwasse en behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. 3. <b>ORGANISASIE:</b> Samehang in inhoud en idees. 4. <b>FORMAAT:</b> Gepas en akkuraat.	1. <b>RESPONS:</b> Baie goed en demonstreer goeie kennis van kenmerke van die soort teks. Behou fokus. Daar is geen afwyking nie. 2. <b>IDEES:</b> Baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun. 3. <b>ORGANISASIE:</b> Samehang in inhoud en idees. 4. <b>FORMAAT:</b> Gepas met onbeduidende foute.	1. <b>RESPONS:</b> Voldoende. Toon kennis van kenmerke van die soort teks. Nie heeltemal gefokus nie. Enkele afwykings. 2. <b>IDEES:</b> Sommige detail ondersteun die onderwerp. 3. <b>ORGANISASIE:</b> Redelike samehang in inhoud en idees. 4. <b>FORMAAT:</b> Oorwegend gepas, maar met enkele foute.	1. <b>RESPONS:</b> Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks. 'n Aanduiding van fokus, maar met afwykings. 2. <b>IDEES:</b> Min detail ondersteun die onderwerp. 3. <b>ORGANISASIE:</b> Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. 4. <b>FORMAAT:</b> Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas. Kritiese foute begaan.	1. <b>RESPONS:</b> Toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie. Betekenis is onduidelik met groot afwyking. 2. <b>IDEES:</b> Baie min detail ondersteun die onderwerp. 3. <b>ORGANISASIE:</b> Geen samehang in idees en inhoud nie. 4. <b>FORMAAT:</b> Nodige reëls van formaat nie toegepas nie.
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b>	<b>8–7</b>	<b>6½–5</b>	<b>4½–4</b>	<b>3½–3</b>	<b>2½–0</b>
1. <b>Toon, register, styl en woordkeuse:</b> hoe gepas vir doel/effek en konteks? 2. <b>Grammatika:</b> Taalgebruik en -konvensies (taalreëls), bv. spelling, punktuasie en woordeskat.  (8)	1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:</b> Hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. <b>GRAMMATIKA:</b> Akkuraat en goed gekonstrueer. Puik woordeskat.  <b>Feitlik foutvry.</b>	1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:</b> Baie gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. <b>GRAMMATIKA:</b> Oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer. Baie goeie woordeskat.  <b>Oorwegend foutvry.</b>	1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:</b> Gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. <b>GRAMMATIKA:</b> Enkele grammatikafoute. Woordeskat is voldoende.  <b>Foute belemmer nie betekenis nie.</b>	1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:</b> Minder gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. <b>GRAMMATIKA:</b> Onakkuraat met etlike foute. Woordeskat is basies.  <b>Foute belemmer betekenis.</b>	1. <b>TOON, REGISTER, STYL EN WOORD-KEUSE:</b> Stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie. 2. <b>GRAMMATIKA:</b> Besaai met foute en verwarrend. Woordeskat nie gesik vir doel nie.  <b>Foute belemmer betekenis ernstig.</b>
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>	<b>20–17</b>	<b>16–13</b>	<b>12–10</b>	<b>9–7</b>	<b>6–0</b>

**RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B****VRAAG 5 = 20; VRAAG 6 = 20 ÷ 2****(Hierdie rubriek is 'n vereenvoudigde weergawe van D7 en moet in oorleg daarmee gebruik word.)**

KRITERIA	UITSONDERLIK	KNAP	GEMIDDELD	ELEMENTÊR	ONVOLDOENDE
<b>INHOUD, BEPLANNING, STRUKTUUR</b>	<b>12–10</b>	<b>9½–8</b>	<b>7½–6</b>	<b>5½–4</b>	<b>3½–0</b>
1. Idees 2. Organisering van idees; vloeい van leesstuk 3. Struktuur  (12)	1. Opdrag behoorlik en volwasse uitgebrei 2. Leesstuk vloeい gemaklik 3. Struktuur aanvaarbaar	1. Opdrag goed benader 2. Leesstuk vloeい 3. Struktuur aanvaarbaar	1. Opdrag minder suksesvol benader 2. Leesstuk minder vloeいend 3. Struktuur aanvaarbaar	1. Opdrag swak benader 2. Effense mistasting 3. Leesstuk raak onsamehangend	1. Inhoud maak weinig sin 2. Mistasting 3. Leesstuk baie onsamehangend
<b>TAAL, STYL EN REDIGERING</b>	<b>8–7</b>	<b>6½–5</b>	<b>4½–4</b>	<b>3½–3</b>	<b>2½–0</b>
1. Toon, register, styl 2. Grammatika en woordeskat  (8)	1. Toon en register in die kol 2. Grammatika feitlik foutvry; uitstekende woordgebruik	1. Toon en register gepas 2. Grammatika oorwegend foutvry; goeie woordgebruik	1. Toon en register nie gepas 2. Taalfoute belemmer nie betekenis; leemtes in woordeskat	1. Toon en register nie gepas 2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; dele in Engels	1. Toon en register nie gepas 2. Taalfoute belemmer betekenis ernstig; woordeskat swak; oorwegend Engels
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>	<b>20–17</b>	<b>16–13</b>	<b>12–10</b>	<b>9–7</b>	<b>6–0</b>

30 punte

**Totaal: 100 punte**